Teksgedeelte: Johannes 11:33-44 en Johannes 20:1-10

Teksvers: Johannes 20:7

Tema: Kyk na die stil getuies van God se wonder en weet: Christus het opgestaan!

1) Inleiding - Alles in die Bybel staan met `n doel daar.

Waarom staan daar sekere dinge in die Bybel? Hoekom staan daar byvoorbeeld dat koning Og van Basan se bed 2 meter by 4 meter lank en breed was? Hoekom is daar soveel geslagsregisters in die Bybel? En hoekom staan daar in hierdie gedeelte dat die doeke, waarmee Christus verbind was, daar gelê het?

Wanneer ons na die kruisgebeure in die verskillende Evangelies luister, hoor ons hoe die spanning opbou. Die Joodse leiers is kwaad vir die goeweneur, die goeweneur probeer hom weerhou van die gebeure en die Jode raak opgesweep deur die kruisiging wat amper gaan plaasvind. Christus word gemartel, Hy moet sy kruis self dra, Hy word aan die kruis gespyker, Hy word deur mense bespot. Dan begin die daglig verduister, daar kom `n massiewe aarbewing en die voorhangsel van die tempel skeur van bo na onder in twee.

Christus word begrawe en die graf van Jesus word geseël sodat iemand nie dalk sy liggaam in die aand kan kom steel nie. Dan vroeg die Sondag oggend gaan Maria Magdalena na die graf en wat sy daar vind ontstel haar verskriklik – Christus se liggaam was deur die loop van die aand "gesteel", sy hardloop na die dissipels toe en vertel hulle wat gebeur het en twee van die dissipels lê `n resies af om te kyk wie eerste daar is om te kan sien, en dan....

En dan....

En dan lê daar `n paar gebruikte stukke lap in die graf.

2) Stil getuies wat rondlê.

`n Paar eenvoudige woorde – die doeke het daar gelê, behalwe vir die kopdoek wat eenkant opgerol gelê het. Waarom hoor ons hierdie paar woorde hierso? Hoekom het Johannes dit vir ons neergeskryf?

Met hierdie paar woorde word `n wêreld se geskiedenis van gerugte oor die opstanding van Jesus Christus uitmekaar geskeur. Hierdie woorde staan om `n spesifieke rede in hierdie weergawe van die evangelie. Ons hoor in Matteus 28 dat die familiehoofde en die priesterhoofde `n baie slim plan uitgewerk het. Hulle het sopas by die wagte, wat Jesus se graf opgepas het, gehoor dat Jesus opgestaan het en aan Maria Magdalena en die ander Maria verskyn het.

Die familiehoofde en priesterhoofde gaan toe en laat deur die wagte `n gerug versprei dat die dissipels in die aand gekom het en Jesus se liggaam kom steel het. Hulle doen dit sodat die goewerneur nie die waarheid moet hoor nie en dat die volk nie in opstand teen hulle moet kom nie.

Hierdie gerug versprei toe onder die Jode en teen die tyd wat Matteus sy weergawe van die evangelie neerpen, word hierdie gerug steeds onder die Jode vertel. En hier, `n paar jaar nadat Matteus sy weergawe neergepen het, skryf Johannes hierdie gebeure ook neer en gee hy die

waarheid deur: die doeke waarin Jesus se liggaam toegedraai was, was nog in die graf gewees! Daarmee trek hy `n streep deur die hele gerug wat versprei het, want waarom sal iemand kom en die liggaam van Jesus Christus steel, maar al die moeite doen om eers die doeke af te haal wat om Jesus se liggaam gedraai was? Veral as dit nuwe doeke was!

Jesus het werklik opgestaan en die doeke wat daar lê is `n stil getuie van hierdie wonder!

Toe Johannes sy weergawe van die evangelie neergepen het, was daar nie net hierdie gerug gewees wat versprei het nie, maar daar het ook `n godsdienstige groep ontstaan wat gesê dat Jesus Christus nie werklik liggaamlik opgestaan het nie, maar dat sy opstanding een of ander geestelike gebeurtenis was wat elke mens net in sy hart moet uitmaak.

Hierdie godsdienstige groep het gesê die geestelike en die liggaamlike is twee verskillende dele van `n mens en ware verlossing is eintlik om jou liggaamlike begeertes af te sê en net op die geestelike deel van jou lewe te fokus. Daarom dat Jesus se opstanding in werklikheid net iets is wat jy in jou gees moet ervaar. Maar Johannes kom met hierdie woorde en weerlê hierdie dwaalleer. Jesus Christus het werklik liggaamlik opgestaan en die doeke wat daar lê is `n stil getuie van hierdie wonder!

Alle gerugte dat Jesus se liggaam deur sy dissipels gesteel is in die nag of dat dit maar net `n geestelike opstanding was, word uitmekaar geskeur met hierdie paar woorde: die doeke was daar! Hoe wonderlik is dit om dit vandag te hoor, geliefdes – die doeke was daar! Ons lewe in `n era waar alle vorme van waarheid betwyfel word en waar alle dinge wat nie met die menslike brein verstaan kan word nie as onmoontlik afgemaak word.

Jesus Christus se opstanding is een van hierdie wonders wat afgemaak word as "onmoontlik". Sommige kerkleiers gaan sover as om te sê dat Jesus Christus se opstanding maar net `n geestelike opstanding was en dat jy dit maar net in jou hart moet ervaar – dit het nie werklik gebeur nie. Maar dan kan ons hulle antwoord: die doeke was nog daar! Jesus Christus het werklik opgestaan en die doeke wat daar gelê het, is vandag nog `n stil getuie van hierdie wonder!

3) <u>Die wonder van Christus se opstanding!</u>

Van hierdie tien verse waarna ons geluister het, word twee afgestaan om ons te vertel dat die doeke daar gelê het. Baie aandag word hieraan gegee, want in die stil getuie van die doeke wat daar gelê het, is `n wonderlike boodskap van God se wonders en sy wonderlike genade opgesluit.

Nie eers `n maand voor hierdie gebeure nie, is `n ander man uit die dood terug gebring – Lasarus. Wanneer die opwekking van Lasarus vir ons in Johannes 11 vertel word, hoor ons iets wat baie opvallend is: Jesus Christus staan by Lasarus se graf en sien die mense wat daar staan en huil en Hyself huil daaroor.

Hy huil bitterlik daaroor dat `n geliefde vriend van Hom in mense-oë gesterf het, maar Hy huil ook omdat Hy weet dat God nie hierdie seer vir die mens beplan het toe Hy die mens geskep het nie. Deur ons sonde het ons hierdie seer oor onsself gebring en hieroor huil Christus bitterlik.

En dan die wonder: Christus roep: "Lasarus, kom uit!" en Lasarus het uitgekom. Met sy hande en sy voete nog toegedraai en die kopdoek nog om sy kop gedraai het hy uit die graf gekom en Christus het

beveel dat die mense hom moet help om dit af te kry sodat hy kon huistoe gaan. `n Wonderwerk vind plaas! Tog het Lasarus nog die doeke om sy hande, voete en kop, want eendag sou hy dit weer moes gebruik, toe hy liggaamlik gesterf het.

Maar hier is Christus se leë graf – met die doeke en die kopdoek nog in die graf! Nadat Lasarus uit die dood opgewek is, het hy nog mense nodig gehad om hom finaal uit die graf en grafklere uit te kry, maar Christus het opgestaan! Hy is nie uit die dood opgewek nie!

Christus het opgestaan sonder dat enige mens Hom gehelp het. Die graf het oopgegaan, deur die krag van God. Deur God se krag lewe Hy – het Hy die dood vir alle mense, wat in Hom glo, oorwin! Christus het waarlik opgestaan en die doeke wat daar gelê het is `n stil getuie daarvan!

Hy het nie meer die doeke nodig nie en Hy gaan dit ook nie nodig hê nie, want die dood het nooit meer mag oor Christus nie! Hoor hoe mooi stel Paulus vir ons hierdie troos in Romeine 6:9-10: "Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God."

Daarom kan ons wat in die opstanding van Jesus Christus glo, as verlostes lewe! Deur ons Verlosser is ons saam met Hom vrygekoop van die ewige dood en die sonde en kan ons `n nuwe lewe leef, gelei deur die Heilige Gees! Ons kan die ou mens en sy sonde agter los soos vuil lappe en verseker glo dat ons deur die Heilige Gees skoongewas is. Ons is nuwe mense. Mense wat deur die Gees aangetrek is met skoon klere; klere wat getuig van die Verlosser wat vir ons die dood oorwin het, wat liggaamlik opgestaan het en wat ons deel gemaak het van die nuwe, ewige lewe.

4) <u>Slot</u>

Geliefdes, die doeke en die kopdoek was nog in die graf. Klein, eenvoudige woorde met `n groot betekenis! Jesus Christus het werklik opgestaan en die doeke is `n stil getuie daarvan.

Op soveel plekke in die Bybel staan daar dinge wat vir ons as mense eenvoudig onbelangrik lyk. Tog bring hierdie woorde `n boodskap - `n wonderlike boodskap van God se wonderlike krag – soms deur stil getuies soos doeke wat in `n graf lê!

Amen